# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (4/14)

*Justin Chadwick (7 Februarie 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "'Always borrow money from a pessimist. He won't expect it back." Oscar Wilde***

## CITRUS BLACK SPOT: FEITE EN SPEKULASIES

Fruit Logistica in Berlyn was soos altyd besig en verwarrend soos mense probeer het om soveel as moontlik vergaderings in drie dae in te pas. Ek het hees by die huis gekom na vergaderings met 'n wye verskeidenheid van belanghebbendes met betrekking tot CBS en die 2014-seisoen. Wat die vergaderings veral interessant gemaak het, was die spekulasies oor 2014; spekulasies wat die feite geword het in baie se gedagtes. **Kom ons kyk na die feite:** ** Die verbod op Suid-Afrikaanse sitrus deur die EU was vir die 2012/13 seisoen; hierdie verbod is dus op 1 Januarie 2014 opgehef; ** Die "European Food Safety Authority's (EFSA)" se Pes Risiko Bepaling (PRA) is afgehandel maar nog nie bekend gemaak nie (baie spekulasie rakende die inhoud maar niemand blyk werklik te weet wat die inhoud is nie); ** Direktief 2000/29/EU is dus steeds die maatreël wat van toepassing is vir EU-uitvoere in 2014, en produsente moet dienooreenkomstig voorberei (d.w.s. toepaslike behandeling van boorde en vrugte sonder simptome). **En die spekulasie:** Dit word algemeen aanvaar dat die EFSA PRA in die derde week van Februarie 2014 vrygestel gaan word. Die EU plantgesondheid owerhede sal daarna die inhoud bestudeer en enige aksies bepaal (soos bykomende maatreëls, verslapping van maatreëls, of status quo). Sodra ons die EFSA PRA bekom, sal ons die uitslag met die bedryf deel en daarvolgens beplan.

## BOODSKAP VAN BERLYN

Kort terugvoer vanaf die globale sitrusvergaderings: **Uruguay verloor sy spesiale voorkeurtariewe na die EU en sal 'n 16% tarief vir mandaryne vanaf 2014 in die gesig staar. **Uruguay staar toenemende arbeidskostes in die gesig en 'n oorskakeling na outomatisering. Toegang na die VSA in 2014 het gelei na 'n eksperiment van 4 houers wat na Philadelphia verskeep is. **Argentinië het wydverspreide ryp gehad, die ergste ryp in 50 jaar (gevolg deur 'n droogte). Daar word verwag dat suurlemoenproduksie van 1 325 000 ton na 900 0000 ton in 2014 sal daal. Uitvoere word verwag om van 275 000 ton na 250 000 ton te daal; terwyl verwerking die prys sal moet betaal met 'n daling van 975 000 ton na 600 000 ton. **Die Noordelike Halfrond se sitrus-oes in 2013/14 word verwag om soortgelyk aan 2012/13 (afname van 1%) te wees. Die Middellandse See sal met 4% verhoog; terwyl die VSA met 10% sal daal. **Die Spaanse oes van suurlemoene en lemoene word deur klein groottes gekenmerk. **Italiaanse sitrus het as gevolg van tristeza met 20% gedaal. **Israeliese pomelo's het nie goed gedoen in die markte vir 2013/14 nie as gevolg van verhoogde kompetisie en oorblywende pomelo's van die Suidelike Halfrond. **Marrokaanse sitrusproduksie het tot 2.2 miljoen ton verhoog soos Maroc Vert (die regering se inisiatief om ou boorde te verbeter en die area onder sitrus uit te brei) se effek inskop. **Vriesskade in Kalifornië het 'n daling in die nawel se voorspelling van 30% tot gevolg gehad en by sagte sitrus met 50%. **Verswakking van die Suid-Afrikaanse Rand, Turkse Lira en Argentynse Peso was die "hot topics". Die vlug van van Munich na Joburg was vol vrolike toeriste wat biere vir een Euro kan koop en gelukkige bedryfsverteenwoordigers wat sien hoe die verdienstes met 20% verhoog (die vreugde mag van korte duur wees omdat kostes nou weer opwaarts gaan spiraal). **Suidelike Halfrond se vrugte uitvoere het teen 'n saamgestelde koers van 16% per jaar vóór 2008 toegeneem; en afgeneem na 5% ná 2008. Vir 2011 tot 2012 was volumes plat. **Europa absorbeer 40% van die suidelike halfrond se vrugte en het 0% saamgestelde groeitempo in volumes per jaar sedert 2008 getoon. Asië absorbeer 16% met 18% groei; N Amerika 24% met 7% groei; Oos-Europa 6% met 2% groei; Afrika 1% met 16% groei en Midde-Ooste 4% met 15% groei. **Australië het goeie toestande in 2013 gehad; wat beteken het dat waterreserwes aangevul is. Hul het egter onlangs droë en warm toestande ervaar (soos almal wat die Australiese Ope gekyk het sou agter gekom het). **Stakings in die hawens het die Chileense vars produkte bedryf meer as US$ 200 miljoen gekos. **Peruaanse sitrusuitvoere het met 7% in 2013 gegroei. Vrye handelsooreenkomste is met Turkye, Rusland en Indië (met Indonesië in die bondel) onderteken.

## PRODUSENTE ROADSHOWS

**PAUL se GROUP** **Oos-Kaap Midlands** (18 Februarie; 10:00; Boardroom Kat River Citrus Company), **Sondagsrivier** (19 Februarie; 14:00; Lookout Lodge) en **Patensie** (20 Februarie; 14:00; Patensie Sitrus Beperk), **Nelspruit** (25 Februarie; 10:00; CRI Boardroom), **Onderberg** (25 Februarie; 15:00 Malelane Citrus Coop Boardroom), **Swaziland** (26 Februarie; 10:30 Tambuti Estates), **Pongola** (Reis na Swaziland) en **Nkwalini** (27 Februarie; 13:00 Farmers Hall). **JUSTIN se GROUP** **Limpoporivier** (17 Februarie; 16:00; Klein Baloyi Game Lodge), **Zimbabwe** (18 Februarie; 10:00 Paul Bristow se plaas), **Letsitele** (19 Februarie; 10:00 The Junction), **Hoedspruit** (19 Februarie 15:00; Hengelklub) en **Senwes** (20 Februarie; 15:00; Raasblaar Game Lodge). **Boland** (25 Februarie; 10:00, Infruitec, Stellenbosch), **Wes-Kaap** (25 Februarie; 16:00 Goedehoop Citrus Boardroom) en **Oranjerivier** (26 Februarie; 16:00 Lake Grappa). **KZN Midlands** sal op 4 Maart om 14:00 besoek word, Victoria Country Club, Pietermaritzburg.

**PRODUSENTE VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE SUIDER-AFRIKA SITRUSBEDRYF DEUR DIE CGA GROEP (CRI, CITRUS ACADEMY, CGACC, RB EN XSIT) TE BEFONDS EN TE BESTUUR**